# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (14/18)

(Volg my op Twitter justchad_cga)

Justin Chadwick 6 April 2018

***"We are living in a culture entirely hypnotized by the illusion of time, in which the so-called present moment is felt as nothing but an infinitesimal hairline between a causative past and an absorbingly important future. We have no present. Our consciousness is almost completely preoccupied with memory and expectation. We do not realise that there never was, is, nor will be any other experience than present experience. We are therefore out of touch with reality"***
***Alan Watts***

## VERANDERINGE BY CGA BESTUUR VAN JAPAN EN SUID-KOREA SE UITVOERPROGRAMME

Na baie jare van bestuur van die uitvoerprogramme na Japan en Suid-Korea, is Paul Hardman deur Mitchell Brooke vervang. Die herstrukturering is om Paul meer tyd te gun om op die implementering van Phytclean en die "FCM Management System" (FMS) te konsentreer - en op sy verbruikersversekeringsportefeulje. In terme van die operasionele kant is daar geen veranderinge nie, Faisal Asmal en Rauff Dawood gaan voort met hul uitstekende diens by die hawe. Beide Faisal en Rauff lewer al vir meer as tien jaar 'n diens aan die sitrusprodusente - dankie vir jul toewyding aan die taak om vloei van sitrus na hierdie markte glad te laat verloop. Ek wil ook vir Paul bedank vir sy verbintenis tot die gladde bestuur van die program in die verlede en die verbeteringe wat hy ingestel het.

Mitchell het 'n boodskap aan al die uitvoerders gestuur wat na Japan of Suid-Korea wil uitvoer om hul skattings in te stuur - as dit nie gebeur nie, sal dit lei tot besendings wat nie in die hawe geïnspekteer kan word nie. In sy versoek vir die skattings, het Mitchell uitvoerders herinner - "Wees asseblief ook bewus en versigtig om te verseker dat skattings nie gedupliseer word nie, byvoorbeeld, die produsent stuur ook 'n skatting in wat lei tot die dubbel telling van daardie kartonne. Teen die tyd van inspeksie, is dit die naam van die uitvoerder wat op die inspeksie dokumentasie is wat verantwoordelik sal wees vir daardie vrugte, wat deur hul skatting gedek moet word".

Vir 2018 het Suid-Korea ingestem om 'n addisionele inspekteur te stuur - wat sal help met die toenemende volumes na hierdie mark.

## RUSSIESE INLIGTING

Op 'n weeklikse basis stuur die CGA-verteenwoordiger in Moskou, Mikhail Fateev, 'n markverslag. Hierdie verslag word dan aan produsente en vennote in die waardeketting gestuur wat in die Russiese mark vir Suid-Afrikaanse sitrus belangstel. As u 'n produsent, uitvoeragent van FPEF of diensverskaffer in Suid-Afrika is, en by die verspreidingslys gevoeg wil word, stuur asseblief 'n e-pos aan justchad@iafrica.com

## SITRUSVERBRUIK

Fruitrop uitgawe 253 handel oor sitrus statistieke. Ingesluit is detail oor die tendense van sitrusverbruik. Japan wat eerste plek beklee met die verbruik van sagte sitrus (by 5,7 kg / capita), het vanaf die eerste plek vir pomelo-verbruik (0.6) gegaan, en is baie laag vir lemoene (0.8) en suurlemoene (0.4). Die EU is eerste vir lemoen- (6.7) en suurlemoen-verbruik (2.3). Vir lemoene word die EU deur Kanada gevolg (6.1). Die EU is tweede in sagte sitrus (5.1), maar laer in pomelo's (0.8). Pomelo-verbruik word deur Kanada gelei (1.1), met ander Oosterse bestemmings en VSA wat op 0.9. volg. VSA (1.9) en Kanada (1.8) is ook beduidende verbruikers van suurlemoene.

Wat opvallend is, en verband hou met verlede week se verduideliking van die "inelasticity" van die vraag na suurlemoene, is die nou band waarbinne suurlemoen- en pomelo-verbruik wissel in terme van per capita verbruik oor die hele wêreld.

Vir meer besonderhede, teken in op Fruitrop (www.fruitrop.com).

## GEPAK EN VERSKEEP

Week 14 en Suider-Afrika het meer as 2 miljoen kartonne gepak - 2 192 977 om presies te wees (33 000 ton). Die meerderheid is suurlemoene - met 1,7 miljoen gepak en 1,5 miljoen verskeep. Die helfte van die suurlemoene is van Hoedspruit afkomstig. Sagte sitrus wat gepak is, is by 300 000 kartonne waarvan 2/3 verskeep is. Net meer as 100 000 kartonne pomelo's is gepak - met meer as die ½ verskeep. Lemoene gaan binnekort in alle erns begin.